

# TOP HOOFAMPTENARE AS VOORSORG GESKORS

**Pretoria, 31 Julie 2019** - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het vandag top hoofamptenare as voorsorg geskors en die skorsing van 'n hoofamptenaar verleng, hangende die finalisering van 'n dissiplinêre proses ten opsigte van ernstige aantygings van wanbestuur.

Die hoofamptenare is:

- Mnr. Hlengani Mathebula, hoofamptenaar: Bestuur, Internasionale Verhoudinge, Strategie en Kommunikasie
- Mnr. Teboho Mokoena, hoofamptenaar: Menslike Hulpbronne en Ontwikkeling
- Mnr. Luther Lebelo, groephoof: Werknemerverhoudinge

Dit is deel van 'n voortgesette omvattende hersiening, deur die kommissaris, van die hele SARS-leierskapgroep, ingevolge goeie staatsbestuur, en ook, in reaksie op die verslag oor die kommissie van ondersoek na belastingadministrasie en- bestuur by SARS, die "Nugent-verslag".

Die voorsorg-skorsings neem onmiddelik aanvang. Dit moet egter duidelik gestel word dat hierdie skorsings voorsorggewend van aard is en sodanig nie dui op enige bevindinge van wangedrag deur hulle nie. Sodanige bepaling sal eers met finalisering van die proses gemaak kan word. SARS versoek dat die privaatheid van die betrokke individue en die vertroulikheid van die werknemer-werkgewer verhouding gerespekteer sal word. SARS sal nie verder oor die aangeleentheid kommentaar lewer totdat die verslag afgehandel is nie.